Houdingsterre

Houdingsterre word toegeken aan leerders wat, na die oordeel van die personeel, in die eerste plek ‘n regop, fier liggaamshouding het. ‘n Regop liggaamshouding moet egter, om in aanmerking te kom vir ‘n ster, gepaard gaan met ‘n positiewe lewenshouding. Dit is ‘n positiewe ingesteldheid teenoor die skool, haar skoolwerk, die personeel en haar mede-leerders, asook onberispelike netheid op haar persoon en werk.

Spanskild

Huispunte word deur die jaar toegeken.

Die wenhuis word kwartaalliks aangekondig, en die algehele wenner aan die einde van die siklus (kwartaal 4, 1, 2, 3).

Die Spanskild se punte word saamgestel uit akademie, sport en kultuur.

Balkies

Die doel van balkies is tweeledig: dit gee erkenning en identifiseer die rol van die leerder in die skool.

Matriekleerders het die voorreg om hulle balkies te hou aan die einde van hulle matriekjaar.

Een week voor die toetsreeks in die derde kwartaal moet die onderwysers in beheer van die onderskeie sportspanne, kultuur- en diensgroepe die balkies van almal wat nie in graad 12 is nie, inneem en aan die persoon in beheer van balkies (PBB) besorg, afgemerk op die naamlys.

Die name van die leiers wat oorneem, moet teen die voorlaaste week van kwartaal 3 gefinaliseer wees en die name moet aan die PBB per epos of op skrif deurgegee word. Dieselfde geld vir sport- en spankapteine. Leerders wat hulle balkies verloor het of beskadigde balkies inlewer, moet finansieel daarvoor vergoed.

Die voorsitters en kapteins sal almal teen die einde van die eerste week van kwartaal 4 die nodige balkies ontvang. Die koördineerder moet die vorm op *One Drive* voltooi.

Indien enige leerder gedurende die jaar onttrek van haar verantwoordelikhede, word die balkie teruggeneem, en saam met die leerder se naam in die PBB-kassie teruggesit word.

Balkies wat foutief raak, moet aan die PBB terugbesorg word, en ‘n nuwe sal uitgereik word. Enige balkie-behoeftes of bestellings kan direk aan die PBB gekommunikeer word, en dit sal so gou as moontlik uitgesorteer word.

Alle balkies se bestellings word deur een persoon gedoen en niemand mag individueel bestellings plaas nie.

‘n Databasis word saamgestel waarop ons die balkies in besit van elke leerder kan kontroleer, om te verhoed dat leerders met balkies rondloop van skoolaktiwiteite waarby hulle nie aktief betrokke is nie. Indien ‘n leerder ‘n balkie dra van iets waarby sy nie aktief betrokke is nie, sal sy ongelukkig haar balkie(s) moet ingee.